

28 September

Skrifgedeelte: Prediker 5:1-8 (OAV)

Fokusgedeelte: Prediker 5:1

Aanbid die HERE God met heilige bedagsaamheid

In ons teks gaan dit om die heel innigste beleving van 'n gelowige se verhouding met God: die woorde van jou gebed. Voordat jy die woorde van jou gebed uitspreek, moet jy daaraan dink dat God in die hemel is en jy op die aarde.

Die hemel is God se woonplek (Ps 2:4). Waar is die hemel? Eintlik gaan dit om die eindelose, onbegryplike afstand tussen hemel en aarde. Anderkant die planeet van ons sonnestelsel, anderkant die laaste ster, is die HERE God se woonplek. Dink daaraan: van daardie afstand en óór daardie afstand het God hierdie aarde waarop jy woon en werk, geskep – deur maar net te spreek (Ps 33:9). So groot is God. As jy dan bid, dink daaraan dat Hy met 'n enkele wilshandeling die onmoontlike afstand tussen hemel en aarde uitskakel om naby diegene te wees wat Hom in waarheid aanroep (Ps 145:18).

Wanneer jy dan bid, moet die woorde van jou mond min wees. Jy moet 'n wag voor jou mond stel (Ps 141:3), want anders praat jy soos 'n dwaas: daar is woorde, maar sonder inhoud.

Dink met Wie jy praat as jy bid: met die HERE, heilige, almagtige God, Skepper van hemel en aarde. Die woorde van jou gebed moet daarom uit jou hart kom. Met heilige bedagsaamheid en opregtheid moet jy bid. Is dit nie so dat jy dikwels maar onnadenkend, maklik en sonder sielsinspanning bid nie?

Ons kan dus nie anders as om in die Naam van Jesus Christus tot God te bid nie. Ter wille van jou was sy woorde tot God baie min in sy sterwensomblikke. Hoewel daar net sewe was, was hulle bedagsame woorde, vol van genade en waarheid. Uit genade het Jesus sy Heilige Gees gestuur. Hy leer jou om met heilige bedagsaamheid te bid.

Sing: Psalm 123:1 Ds RL Vorster (Odendaalsrus)